

30 Mei

Skrifgedeelte: Esegïel 38-39
Fokusgedeelte: Esegïel 39:1-10

God oorwin die magte van die duisternis

Hierdie twee hoofstukke in Esegïel is van die moeilikstes om te verstaan. Baie van die vrae oor die gedeelte kan nie eintlik beantwoord word nie, soos wie Gog en Magog regtig is. Gog en Magog was waarskynlik legendariese figure wat hier gebruik word as simbool vir die magte wat teen God se volk optrek. Deur die eeue heen was daar telkens sulke magte en hulle sal weer kom. Hulle kan baie mag hê en hulle kan baie kwaad doen. Tog bly sulke magte se mag beperk, want hulle kan nie teen God staande bly nie. God kondig aan dat sy volk vir Gog sal verwoes. Dit sal daarop uitloop dat alle nasies die mag van die Here sal erken. In hierdie gedeelte word, soos wat ook in die boek Openbaring gedoen word, iets van 'n flits oor die geskiedenis gegee. Nasies kom en gaan, vyandige magte kom en gaan, maar God se koninkryk bly staan. Hy is in beheer en sal die aanslae teen sy kerk afslaan. Die magte van die doderyk sal nooit die kerk kan vernietig nie. Vir gelowiges bied hierdie gedeelte besondere hoop, veral in 'n tyd wanneer dit lyk asof die kerk agteruit boer. Niks kan die gang van God se koninkryk stuit nie, omdat die oorwinning in Jesus Christus vas en seker is. Die chaos en onsekerheid wat hierdie wêreld soms kenmerk, kan niks daaraan verander nie.

Sing: Psalm 148:1,5

Prof HF van Rooy (Teologiese Skool Potchefstroom)